U3A STILBAAI

Nuusbrief Nr. 11

Mei 2016

info@u3astilbaai.org

NUUSBROKKIES

Ledetal:

Na een jaar het ons ledetal uitmuntend gegroei. Na die eerste algemene vergadering het ons 22 lede gehad, dit het gegroei na 75 in Desember 2015; tans is ons ledetal 112.

E-pos adres:

U3A Stilbaai het nou sy eie e-pos adres – *info@u3astilbaai.org* – gebruik dit gerus om ons te kontak.

Stigtingsvergadering:

Ons stigtings algemene vergadering vind plaas op Maandag 25 Julie 2016. Die hoof items vir bespreking is die aanvaarding van ons grondwet (ons sal dit vooraf aan almal uitstuur), goedkeuring van finansiële state, en die verkiesing van komitee-lede. Ons hoop dat alles vlot sal verloop sodat ons daarna Belinda Gordon se interessante praatjie kan geniet.

Algemene vergadering op 25 Maart:

David Carter het ons saam geneem op 'n baie leersame toer deur Ethiopië – sy pragtige foto's het ons meegevoer na hierdie interessante land met sy mense en hul gebruike, die unieke rotskerke, en die wonderlike natuurtonele, fauna en flora.

ALGEMENE VERGADERING: MAANDAG 30 MEI 2016

Ons maandelikse vergadering is weereens om 09h00 vir 09h30 in Die Waenhuis by Jagersbosch. Ons het 'n interessante spreker met 'n belangrike onderwerp:

Besigheidsontwikkeling in Stilbaai. A serendipitous journey through entrepreneurial space.

deur Daan Toerien.

Dr Daan Toerien is bekend aan ons almal; opgelei as 'n mikrobioloog het hy 'n loopbaan van meer as 30 jaar in die wetenskap gevolg. Deesdae is Daan verbonde aan die Sentrum vir Omgewingsontwikkeling van die Universiteit Vrystaat. Hy stel veral belang in die ekonomiese ontwikkeling van, en entrepreneurskap in, dorpe in die platteland. Hy het onlangs 'n studie voltooi van die ontwikkeling en dinamika van ondernemings in die dorpe van die Gouritz Groep Biosfeerreservaat. In sy voordrag vergelyk hy sake-ontwikkeling in Stilbaai met dié van ander dorpe in die Biosfeerreservaat.

Gaste en nie-lede is welkom om by te woon, bywoning is gratis. Nuwe lede kan nou al aansluit vir R30, jul lidmaatskap sal geldig wees tot einde Junie 2017.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Kursusse word gereël vir kleiner groepe lede met gemeenskaplike belange. Die volgende kursusse is reeds óf aan die gang óf in beplanning:

- **Beginner's Kuns** : Teken of verf in medium van u keuse – vergader die eerste Donderdag van elke maand. Kontak Julie op *wilson.julie222@gmail.com*.
- **Natuurwetenskap kursusse** : Elf lede het hul belangstelling aangedui, maar tot op datum het ons nog nie geslaag om aanbieders te kry nie, twee persone het wel laat weet het dat hulle later in die jaar beskikbaar sal wees. Enige lid wat graag sy/haar kennis of kundigheid met ons wil deel vir 'n kort voordrag, is welkom om ons te kontak; indien nodig sal ons help om die voordrag op te stel. Kontak Stefan en/of Brian op *info@u3astilbaai.org*.
- **Stapgroepe** : Cheryl Worth rapporteer dat 12 lede Vrydae bymekaar kom vir 2-3 uur stappe in Stilbaai/Jongensfontein omgewing. Die groep hoop om binnekort staptogte in die Riversdal area aan te pak. Dit is 'n goeie manier om te oefen en om die geselskap van ander lede te geniet. Kontak Cheryl op *cheryl@kmint.co.za*.
- **Leunstoel Reise** : Daar was reeds twee kursusse, op lede se versoek was hulle in die aande, en terugvoer is positief. Elf lede het die BBC Frozen Planet een bygewoon, en 15 lede was by Reinette Anastagi se skuifievertoning oor haar en Roberto se toer van Suid-Amerika in hul "motor home". Kontak Brian op *travel@u3astilbaai.org* vir datums en tye.
- **Voëlkyk vir Beginners** : Dit is 'n 4-week kursus wat een middag elke week vir 2 uur vergader. Daar word weer 'n kursus vir Augustus beplan, daar is reeds mense op die lys, maar daar is plek vir nog twee persone. Kontak Johan op *rooyenvanjohan@gmail.com.*
- **Nuwe kursus aangebied deur Janet Stonier** : Titel: "Power, Ritual and Exclusion." Die kursus sal op 3 Woensdae in Julie plaasvind, Janet vra dat lede wat belangstel haar skakel op 083 473 6399 of 028 754 3844 om meer details oor die kursus te kry.

TOEKOMSTIGE SPREKERS

Sprekers en onderwerpe vir komende algemene vergaderings is hieronder. Alle sprekers is gevra om, indien moontlik, beide Engels en Afrikaans in hul voordragte te gebruik.

- Niel van Wyk: *Die Stilbaai Duine.* (27 Junie).
- Belinda Gordon: *The Anglo Boer War - the Colesberg Actions from November 1899 to March 1900*. (25 Julie).
- Roberto Anastagi: *Syria under the rule of Rome and during the Crusades.* (29 Augustus).
- Stefan Pretorius: *4 Trips in, and escape from – Iran*. (Datum later bepaal).

****

Nuusbrief saamgestel deur Niel van Wyk.